

HANNES MEIRING



*Early
Johannesburg*

H. MEIRING. *Early Johannesburg : its buildings and its people* (teks deur G-M. van der Waal en W. Grütter in samewerking met A. Jonker). Human en Rousseau : Kaapstad en Pretoria, 1986. 143 pp. Geïll. R29,95 (eksklusief). ISBN 0 7981 1456 8.

Hierdie is een van die waardevolste boeke wat gedurende Johannesburg se eeufeesjaar verskyn het. Dit is saamgestel uit sketse deur die argitek Hannes Meiring, met teks deur G-M. van der Waal en Wilhelm Grütter. Meiring se uitmuntende sketse laat die boek lewe, veral vanweë hul intieme en persoonlike weergawe

van taferele en geboue wat bykans verlore gegaan het.

Die boek het sy ontstaan gehad in 'n reeks wat in die loop van 1985 wekeliks onder die titel "Ou Johannesburg" in *Beeld* verskyn het. Die reeks tekeninge met byskrifte is saamgevat en met uitgebreide teksbywerking as 'n eeufeespublikasie uitgegee.

Deur die inleiding, getitel "El Dorado", maak die leser kennis met hierdie Suid-Afrikaanse wêreldstad, in die omgang bekend as die 'Goudstad'. Die Swartmense noem dit 'Egoli' maar die Spanjaarde, so beweer die skrywers, het dit El Dorado gedoop — 'n sprokieswêreld getower uit goud. En daarom vorm die verhaal van goud die sentrale tema van die boek.

In die vyf hoofstukke wat volg, word beskryf hoe spogvoorstede mettertyd op die plase Randjeslaagte, Doornfontein, Langlaagte, Klipfontein en Syferfontein verrys het. Ook die ontstaan van agterbuurtes in dié snel-ontwikkelende, polsende stad kom onverbloemd aan die beurt. Daar word vertel van die hartseer en ontgogeling wat soms gekom het en die gevolglike verval van die prag en praal in voorstede soos Parktown en Doornfontein.

Selfs die beskrywing van onderhandelinge wat plaasgevind het met die verkoop van woonerwe, winkels en sake-ondernemings maak bo verwagting interessante leesstof omdat dit kort en bondig maar tog vol menslike drama is. Aandag word ook gegee aan 'n groot verskeidenheid gebeure wat 'n invloed op die ontwikkeling van die Goudstad gehad het: oorloë en stakings, sport en kultuur.

Maar dit is na die sketse wat 'n mens telkens wil terugkeer omdat dit met soveel sensitiwiteit uitgevoer is en die kunstenaar se meevoeling met en waardering vir 'n vergange era adem. Dit is asof daar 'n intieme verhouding bestaan tussen die kunstenaar en oorspronklike inwoners van die geboue wat hy in sy illustrasies uitbeeld. Deur sy fyn en sorgvuldige detail (in voorwerpe soos hekke, hoekies, traliewerk of verskuilde plantegroei) nooi Meiring die leser as't ware saam op 'n sprokiesbesoek aan vervloë tye in Johannesburg. Sodoende het hy op kenmerkende wyse geboue verewig wat moontlik in die nabye toekoms deur die hamers van ontwikkelaars platgeslaan en uitgewis kan word.

Dat die leser 'n duidelike argitektoniese beeld van die Goudstad kry, kan waarskynlik as die grootste pluspunt van die publikasie gereken word. Want anders sou slegs myn hope en skagte kon getuig van die stad se honderdjarige bestaan en argitektoniese bloeitydperk toe verskillende aangepaste boustyle aangewend is om dit op te bou en te laat groei.

Sowel die skrywers as kunstenaar moet gelukkigewens word met hul deeglike navorsing en insae in die verloop van die geskiedenis van Johannesburg, asook die simpatieke weergawe daarvan. Hierdie keurig voorbereide boek, gedruk op goeie papier en stewig ingebind, word sterk aanbeveel — ook by diegene sonder 'n direkte verbintenis met die Goudstad. Dit is voorwaar 'n uitstekende koop teen 'n billike prys.

M.G. SCHOONRAAL
Universiteit van Pretoria